# DIE KRAT

251

Maart 2022




AANPASBAAR OM TE KOMPETEER OM TE OORLEEF OM TE FLOREER bl. 2

THE PLAYING FIELD IS NOT LEVEL bl. 8

INTERNASIONALE NUUS bl. 7

NOG 'N GOEIE PRODUKSIE SEISOEN bl. 8

KWEKERYBOME VIR DIE INMAAKBEDRYF bl.9

RUSSIA & UKRAINE CONFLICT ...AND THE IMPACT IT HAS ON SA AGRICULTURE bl.12

PROFIEL: MULLER DE JAGER bl. 15

FRUITFLY AFRICA bl. 17

FRUIT JUICE MATTERS bl. 19

THE ONLY GOOD NATION IS IMAGINATION... bl.21


Voorblad foto is voorsien deur Rhodes Food Group (Pty) Ltd

# AANPASBAAR OM TE KOMPTEER OM TE OORLEEF OM TE FLOREER

JACQUES JORDAAN



Ek lees gisteraand ʼn stuk oor die evolusie van perde en dat hulle oor tyd as die belangrikste tegnologiese hulpmiddel van die mens beskryf word. Ook hoe hulle oor ʼn periode van 50 miljoen jaar van ʼn dier wat in die woude van Noord Amerika geleef het deur evolusie aangepas het om groot afstande oor die savannas af te lê en te oorleef. Hoe hulle van ʼn belangrike voedselbron van die oermense in Noord-Amerika en Europa ontwikkel het tot ʼn voertuig, oorlogstuig, trektuig en selfs vir plesier.

Hoe die mens hulle in doelgerigte teelprogramme groter, sterker en vinniger begin teel het om aan sy behoeftes te voldoen. En hoe hulle, wanneer hulle terug in die natuur vrygelaat word, weer teruggaan in evolusie na iets soos ʼn groot ponie. Want dit is waar hulle die beste aangepas is vir om volhoubaar te kompeteer en te oorleef.

In die laaste 5 jaar het die omgewing so drasties verander dat ʼn mens maklik geneig is om perspektief te verloor. Ek praat laas week met die kinders oor "Flag Watching en Scenario Planning" vir hul eie loopbane. Vreemde woorde vir hulle. Jy het in baie gevalle nie beheer oor wanneer en watter uitdagings jou tref nie. Wie van ons sou 10 jaar terug kon voorspel dat Donald Trump die president van Amerika sou word of die Covid-pandemie of ʼn oorlog waar Rusland die Ukraiene inval. Of die misoeste in Europa en China wat ʼn tekort aan appelkose en taaipitperskes veroorsaak. En dat daar in hierdie selfde tye ʼn ooraanbod van taaipitperskes vir inmaak in Suid-Afrika sal wees. Met globalisering het ons deel geword van wêreldwye logistieke waardekettings waar jou sukses of agteruitgang kan afhang van die swakste skakel. Ons sal dus nie net moet aanpas en kompeteer om te oorleef nie, jy sal ook moet seker maak jy is deel van die regte span (of hardloop saam met die regte trop).

As jy oor hierdie dinge dink kan ʼn mens baie pessimisties raak. Kyk jy egter na die "scoreboard" het ons in hierdie moeilike tye nie te sleg aangepas en gekompeteer nie. Daar is selfs tekens van vooruitgang. Die Suid-Afrikaanse landbou sektor het twee goeie jare agter die rug met ʼn jaar op jaar bruto waardegroei van 13.4% in 2020 en 8.3% in 2021. Toenemende internasionale vraag na kommoditeite het tot ʼn toename in uitvoere van Suid-Afrikaanse landbouprodukte van $10.3 biljoen in 2020 tot $12.4 biljoen in 2021 gelei. In Dr. Hamman Oosthuizen se artikel verwys hy na die vrugte sub-sektor as die ster in landbou met ʼn 11% groei in die vierde kwartaal van 2021. Nader aan die huis kondig Mnr. Pieter Hanekom van Rhodes Food Group op 17 Maart in ʼn persverklaring aan dat die groep se internasionale besigheid met 44.1% gegroei het. Dit word gedryf deur die vraag na hul inmaakvrugte produkte.

Die stygings in insetkostes was skrikwekkend, die hawens en vraghouers is problematies. Dit neem te lank om in die mark te kom. Die pryse is nie volhoubaar nie en die insetkostes gaan nog styg. Ons het in die verlede aangepas om te kompeteer. Die uitdaging is groot maar die geskiendenis het gewys, ons kan aanpas om te oorleef. Ons voorgangers het aangepas, gekompeteer en gewys dat dulle deur die moeilike tye kan oorleef. Selfs vooruitgaan.

# THE PLAYING FIELD IS NOT LEVEL FOR THE AFRICAN (SOUTH-AFRICAN) FARMER

Extracts from: Strengthening African Agricultural Trade: The Case for Domestic Support Entitlement Reforms. 2021. The University of Adelaide.


**Authors:**


Dessie Ambaw


Ken Ash


Peter Draper


Hilton Zunckel


The report was commissioned to provide empirical grounding to this proposal, and to enable a wider discussion with a crucial group of countries substantially affected by provision of domestic support to agriculture: African WTO members.

Agriculture is the source of livelihood for more than half of the African population, its trade performance is constrained owing to supply-side and demand factors. The major supply side factors are low productivity, very low public spending on the sector, and insufficient use of modern technologies. The key demand-side factors are;

(i) African exporters face several trade barriers (both tariffs and nontariff measures) to penetrate developed and emerging markets

(ii) produce to low quality standards also show that Africa's share in world agricultural exports averaged 4.2 % in 2003-18 implying low agricultural exports from the continent.

African agricultural production and trade is concentrated in a few African countries: Egypt, Nigeria, and South Africa on the production side, whereas Egypt, South Africa, Morocco, Nigeria, and Ghana are the major agriculture commodities traders. Both production and trade have been stagnant in the last decade, with exports generally concentrated in low value-added commodities. In contrast the growth of some countries' economies has created the massive growth of *de minimis* entitlements with which they can support their farmers. The EU, the US, China, India, Japan, Russia, Brazil, Argentina, and Canada are either the major sources of African agricultural imports, the major African agricultural export destinations, or both.

Worldwide, Governments provide support to agriculture in numerous ways such as direct payments, research grants, loan programs, and storage programs to name but a few. Under the Uruguay Round Agreement on Agriculture (URAA) of the World Trade Organisation (WTO), domestic support programs are divided into three "boxes" that indicate the trade-distorting effects of the programs.

**Green Box**

Subsidies that do not distort trade, or cause minimal disruption.

No limit.

**Amber Box**

Broad range of subsidies.

Limited to 5% of agricultural production (10% for developing countries)*.

**Blue Box**

Broad range of subsidies allowed but must be designed to minimise trade distortion


No limit.

"Green Box" programs are considered minimally trade distorting and are general support payments not linked to production or trade per say. There are no limits on these program expenditures by WTO members. "Green Box" programs include payments made to farmers that do not stimulate production, for infrastructure and extension programs, regional assistance and environmental protection programs.

"Blue Box" programs are considered more trade distorting but have production limits embedded in them. These programs are also not limited under the current agreement. This includes direct payments to farmers whereby farmers are required to limit production.


"Amber Box" programs are considered the most trade distorting and are limited under the current agreement. This includes domestic policies that have a direct effect on production and trade. It consists of the Final Bound Total Measurement of Support (FBTAMS), which is capped in nominal terms and available only to 32 countries. The second one is known as de minimus. De minimus is capped as a percentage of the value of production and it is available to all countries. The result is that the fastest growing economies are able to increase the support to their farmers. Certain Amber Box programs may be exempt from domestic support limits. Together these Amber Box entitlements have grown from around 250 billion USD in 2001 to a trillion USD in 2021 and are expected to double, to 2 trillion USD, within a decade as countries' agriculture economies grow.

For key African agricultural goods, the projected trend of their analysis shows that consumption growth rates will significantly outweigh agricultural production growth rates.




*The above graphics show the top destinations and sources of the 15 major HS 4-digit African Agriculture export and import products (sum of 2011-2020 value)*

Six of Africa's major trading partners (three developed and three developing countries) account for over 50% of the total FBTAMS and de minimis entitlement to their farmers. Thus, these major countries' domestic support for the agriculture sector has the greatest potential to distort African agricultural trade and production. Total de minimis domestic support entitlements have grown hugely since the end of the Uruguay Round negotiations, exceeding FBTAMS entitlements by nearly three times. Much of this growth is concentrated in two large developing countries, China and India, which accounted for 28.1 percent and 9.6 percent of total domestic support entitlements in 2016, respectively, whereas the largest developed country group, the EU, stood at 15.7 percent.




*Source: Australia and New Zealand, JOB/AG/171*

The above graph: Distorted de minimis farmer support in a growing economies.

Egypt, South Africa, Morocco, Nigeria, and Ghana are the top 5 African agricultural traders, and thus are the most likely African countries that could be affected by domestic support provided by Africa's major trading partners. A question for African countries is whether retention of amber box policy space for developing countries is in their interests, given the huge growth of de minimis entitlements – particularly for China and India.

Only 3 African countries have entitlements: Morocco, South Africa, and Tunisia. Morocco and Tunisia have notified Amber Box use, but not beyond their de minimis levels. **South Africa has notified zero use of its entitlement** to farmers**.** Market opportunities for African exporters are sharply constrained by trading partners' domestic support, which has the effect of favouring the subsidised domestic producers to the exclusion of imports.


As is well-known in the trade policy community, disciplines governing recourse to agriculture domestic support, particularly the most trade and production distorting subsidies, are both problematic and unevenly allocated.

From African country trade and production data, it is clear that agricultural production over the past decade has been characterized by either a declining or a stagnating output trend, with growth being largely driven by 3 countries: Egypt, Nigeria, and South Africa.



However, except for Nigeria and Egypt, the African countries analysed in this report had very low entitlement levels. The stark entitlement gap between these African countries and their major trading partners is shown in the graph below.

**Figure 18: FBTAMS Entitlements under the AoA**




*Source: WTO*

The relationship between the Africa Group and the China-India coalition is based on the common aim of addressing the perceived historical injustices in entitlements under a developing country banner. Africans are intimately cognisant of the needs of small farmers as these represent the major proportion of growers in most African countries. In this there is an affinity with the structure of the grower sectors in India and China where small-scale farmers are also plentiful. The two main purposes of China's steady domestic support increase are to raise farmers' income level and to foster the country's long-term food security goals. At this stage the Africa Group has also indicated its desire to keep the development box as is.

In the COVID-19 context, characterised by extraordinary levels of monetary and fiscal stimulus designed to prop up entire economies, and deteriorating geopolitical relations encompassing intensified geo-economic competition, it is likely that countries will choose to subsidise their farming sectors further.

African WTO Members provide scant domestic support to their own farmers and should be wary of future rules that enable support, not only by the traditional developed country support providers, but also by the emerging subsidizers among the advancing developing nations outside of the African continent. In addition, African countries with their evident fiscal constraints and weak implementation capacities are arguably not well-placed to subsidise their own farmers, in other words to play the 'subsidies game'.

# INTERNASIONALE NUUS

(Uittreksels uit Foodnews en korrespondensie met die CCPA)

JACQUES JORDAAN

Op die internasionale front het die CCPA (**Califonian Cling Peach Association**) in Januarie hul 100ste bestaansjaar gevier (nota: volgende jaar is die Inmaakvrugte Produsente Vereniging 70 jaar oud). Die CCPA rapporteer dat volblom datums normaal is en tussen 4 en 9 Maart plaasgevind het. Bo-gemiddelde koue eenhede is vir die verskillende streke aangeteken. Hulle grootste bekommernis op hierdie stadium is die beskikbaarheid van water. Na 'n goeie begin was Januarie en Februarie die droogste in die geskiedenis en vrees hulle vir 'n 3de opeenvolgende jaar van droogte. Die taaipitperske industrie in Kalifornië word tans bedreig deur die ongekende kostestygings in diesel, bemesting en siekte- en plaagbeheermiddels. Minimum lone is ook vanaf 1 Januarie in Californie met 7.1% verhoog na 15 USD per uur. Ten spyte hiervan raak die beskikbare arbeidsmag net al kleiner. Die CCPA voorspel 'n oes net kort van 200 000 metrieke ton vir die 2022 seisoen.

**Chili** is die grootste perske pureé verskaffer in die wêreld en hulle was uitverkoop teen middel Maart. Hul taaipitperske oes word vanjaar op 130 000 ton geraam. Weens sterk vraag op hul plaaslike- en internasionale markte moes die fabrieke baklei om genoeg vrugte in die hande te kry. Die pryse wat hulle kon realiseer vir perske pureé het meer as verdubbel vanaf laas jaar. Dit word toegeskryf aan vrugte tekorte in die Noordelike halfrond en duur invoerkostes vanaf China.

**Argentinie** het vanjaar sowat 80 000 ton taaipitperskes geoes waarvan die oorgrote meerderheid vir inmaak doeleindes aangewend is.

In **Griekeland** nader die perskes die einde van hul volblom periode wat gewoonlik vanaf einde Februarie tot middel Maart strek. Dit is nog "vroeë dae" in hulle seisoen. Hulle begin gewoonlik in Junie hul taaipitperskes oes. Ten spyte van die misoes laas jaar, gaan hierdie jaar die eerste seisoen wees waar hulle die verhoogte blikpryse en ander stygende insetkostes moet absorbeer. Hopelik word hierdie regstellings na die mark toe deurgegee.

**China** was tradisioneel die grootste uitvoerder van inmaakperskes na die VSA. Na die invoerheffings wat die VSA in 2019 op Chinese goedere ingestel het, was hierdie uitvoere in 'n konstante afwaartse spiraal (22% af gedurende die laaste jaar). Chinese prysverhogings en die verhogings in verskepingskostes het verder hiertoe bygedra. Die gevolg was dat die VSA al meer op Europa begin fokus het om hul behoeftes aan te vul.



*Perske boorde in Imathia, Griekeland (Maart 2022)*

# INMAAKBEDRYF ERVAAR NOG ‘N GOEIE PRODUKSIE SEISOEN

JACQUES JORDAAN

**Bulida Appelkose:** Vanjaar het goeie sappryse en logistieke probleme by die hawens die prentjie bietjie skeef getrek. Appelkoos se kind gee jou nie veel kans as hy begin ryp raak nie en as jy hom nie vinnig oes nie raak hy pap. ‘n Baie laat lente wat opgevolg is deur volgehoue koel en bewolkte weer het veroorsaak dat die appelkose eers laat plukgereed was. Die meerderheid vrugte vir inmaak is gedurende die twee weke van die 6de tot die 17de Desember ontvang. Die behoefte na droog appelkose was laag en met logistieke probleme in die hawens het heelwat produsente met vars vrugte besluit om dit liewer as sap te lewer. Die gevolg was dat die totale tonne appelkose wat vir verwerking gelewer is op 30 118 ton te staan gekom het. Dit vertoon baie goed teen die 28 806 ton van laas jaar.

| OESSKATTING: BULIDA APPELKOSE | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Finaal 2016/2017** | **Finaal 2017/2018** | **Finaal 2018/2019** | **Finaal 2019/2020** | **Finaal 2020/2021** | **Finaal 2021/2022** |
| Ingemaak | 21 531 | 18 288 | 13 738 | 8 883 | 20 467 | 14 148 |
| Sap & Puree | 13 177 | 8 601 | 8 824 | 3 859 | 8 339 | 15 970 |
| **Sub-Totaal** | **34 708** | **26 889** | **22 562** | **12 742** | **28 806** | **30 118** |



Tonne vir inmaak is egter heelwat laer as laas jaar. Slegs Bulida appelkose word vir inmaak aangewend maar ook hier is dit moeilik om afleidings te maak omdat produsente meer geneig sou wees om vrugte na sap te lewer met die kort oesperiode terwyl die kompeterende sapprys ook die keuse sou vergemaklik.

**Taaipitperskes en Bon Chretien pere:** Hoewel finale syfers nog nie van die verwerkers beskikbaar is nie, is die 2022 inmaak oes agter die rug. Perskes het laat rypgeraak en daar is aanvanklik met suikers gesukkel. As geheel was dit egter ‘n groot oes van goeie kwaliteit. Behalwe dat die vrugte in Januarie pak gekry het met die hittegolwe wat verby gekom het, was die groter oes mooi en het dit sonder groot skade ingekom.  BC pere het mooier as laas jaar vertoon en heelwat is aan die einde van die seisoen ontvang.

# KWEKERYBOME VIR DIE INMAAKBEDRYF

RACHEL KRIEL




Die Sagtevrugtplantverbeteringsvereniging hou sedert 1996 ‘n elektroniese rekord van alle steenvrug-bome gemaak in kwekerye wat onder die Sagtevrugteplantsertifiseringskema geregistreer is. Hierdie inligting is van onskatbare waarde vir die naspeuring van plantmateriaal wanneer daar probleme ondervind word, maar ook vir statistiese doeleindes. Die doel van hierdie artikel is om spesifiek te kyk na die tendense van die afgelope 10 jaar wat betref die sagtevrugkultivars wat hoofsaaklik vir die inmaakbedryf aangeplant word.

In ‘n poging om meer perspektief te gee aan die bome geproduseer oor die laaste 10 jaar, word daar ook grafies gekyk na die historiese rekord vir die verskillende vrugtipes.

## APPELKOSE

Aangesien Bulida die enigste appelkoos is wat volgens die IPV vir inmaakdoeleindes benut word, word die aantal bome jaarliks geproduseer, in **Grafiek 1** teenoor die ander belangrike appelkoos kultivars aangedui. Hoewel daar ‘n groot oplewing vir Bulida was in 2016 en 2017, het die produksie van bome oor die laaste drie jaar weer getaan. Die tendenslyn op die grafiek is ‘n aanduiding daarvan dat daar ‘n afwaartse neiging is vir Bulida. Die gemiddelde hoeveelheid Bulida bome geproduseer oor die laaste 10 jaar teenoor die historiese gemiddeld is ook aansienlik laer.





**GRAFIEK 1 – APPELKOOSBOME UIT GEREGISTREERDE KWEKERYE (1996 - 2021)**

Die keuse van onderstamme vir Bulida het oor die jare min of meer dieselfde gebly met Marianna wat vir ongeveer 53% van die totale bome gekweek gebruik is. Sowat 38% van bome is op Royal saailing gekweek terwyl Soldonne saailing oor die laaste drie jaar meer benut is (26%).

Wat gesertifiseerde bome betref is daar tot 2020 jaarliks meer as 80% van Bulida bome gesertifiseer en in die meerderheid van jare het feitlik al die Bulida gekwalifiseer vir sertifisering. In 2021 het die persentasie gesertifiseerde bome egter afgeneem na slegs 40%. Die waarde van gesertifiseerde bome lê daarin dat die sertifiseringstatus vir die koper die versekering gee dat die bome, wat betref fitosanitêre maatstawwe, fisiese standaarde asook tipe-egtheid aan die vereistes van die skema voldoen. ‘n Produsent wat gesertifiseerde bome aankoop het ook die reg om ‘n klag by die skema in te dien indien bome nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie. Wanneer ongesertifiseerde bome egter aangekoop word, het die produsent geen waarborge rakende die kwaliteit van die bome nie.

**PERSKES**

Daar is sedert 1996 ‘n totaal van 46 verskillende taaipitperske kultivars geproduseer. In **Grafiek 2** word die tien grootste kultivars, gekweek oor die laaste 10 jaar, getoon.




| | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TEMPTATION | 38 911 | 24 581 | 9 743 | 12 933 | 6 255 | 717 | 1 327 | 2 | 522 | 71 |
| SUPREME | 3 569 | 16 020 | 20 440 | 14 334 | 19 152 | 8 701 | 4 531 | 4 891 | 8 445 | 832 |
| SUMMER SUN | 13 854 | 11 206 | 12 227 | 15 268 | 14 628 | 12 612 | 15 179 | 16 466 | 17 138 | 9 377 |
| KAKAMAS | 12 237 | 17 360 | 24 862 | 28 457 | 18 616 | 13 475 | 7 438 | 8 053 | 7 295 | 1 738 |
| AUTUMN CRUNCH | 3 252 | 12 488 | 10 986 | 32 636 | 64 159 | 35 430 | 9 257 | 2 515 | 2 148 | 9 837 |
| OOM SAREL | 17 170 | 39 536 | 19 845 | 34 929 | 15 137 | 20 251 | 15 165 | 11 413 | 10 915 | 1 564 |
| FANTASY | 8 893 | 26 186 | 21 990 | 60 294 | 31 150 | 16 408 | 2 838 | 11 490 | 9 698 | 222 |
| SANDVLIET | 22 751 | 68 843 | 45 225 | 85 043 | 80 668 | 86 128 | 20 092 | 29 373 | 75 790 | 42 960 |
| KEISIE | 53 733 | 42 872 | 42 762 | 72 863 | 106 941 | 98 470 | 66 126 | 67 989 | 58 368 | 13 681 |
| CASCADE | 69 352 | 160 139 | 107 984 | 156 939 | 212 648 | 174 562 | 43 692 | 50 841 | 34 843 | 33 378 |


**GRAFIEK 2 – TOP 10 TAAIPITPERSKE BOME UIT GEREGISTREERDE KWEKERYE (2012 – 2021)**

Die mees algemene onderstam keuses vir taaipitperskes is Kakamas saailing, gevolg deur GF 677, Viking en tot ‘n mindere mate Flordaguard.

Geskiedkundig was die persentasie gesertifiseerde taaipitperskes oor die jare, soos met Bulida, oor die algemeen 90% en meer, daar is egter in 2021 slegs ongeveer 56% van die bome wat by geregistreerde kwekers gekweek is gesertifiseer.

In **Grafiek 3** word die drie grootste kultivars wat sedert 1996 gekweek is uitgelig terwyl al die ander kultivars saamgereken is. Die gemiddelde hoeveelheid taaipitperske bome gekweek oor die laaste 10 jaar is, soos in die geval van Bulida, ook laer as die historiese gemiddeld vir taaipitperskes.

**GRAFIEK 3 – BOME UIT GEREGISTREERDE KWEKERYE (1996 – 2021)**




**PERE**

Vir die twee belangrikste inmaakpeer kultivars, Bon Chretien en Early Flowering Bon Chretien (EFBC), lyk die tendense soortgelyk aan die van ander inmaakvrugte. Soos aangedui in **Grafiek 4**, is die gemiddelde aantal bome gekweek oor die laaste 10 jaar, vir beide kultivars laer as die gemiddeld van die voorafgaande jare.


Die voorkeur onderstam vir die twee inmaakpere is deurgaans BP 1, terwyl daar in die beginjare ook gebruik gemaak is van D6 (*Calleryana*) en BP 3.

Wat sertifisering betref was die persentasie gesertifiseerde bome aanvanklik baie laag omdat EFBC eers in 2009 in die skema opgeneem is en die enigste jare waarin die persentasie gesertifiseerde bome gekweek, bo 75% was, is in 2015 en 2016.

Om perspektief te gee aan die peer bedryf in geheel gee **Grafiek 5** 'n aanduiding van die hele peerbedryf oor die laaste 25 jaar teenoor die bydrae van Bon Chretien en EFBC in vergeleke met die totale hoeveelheid ander peer kultivars gekweek. Daar is oor die laaste 10 jaar 'n aansienlike toename in die hoeveelheid peerbome geplant in vergelyking met die gemiddeld vir die voorafgaande 15 jaar.




**GRAFIEK 4 – INMAAK PEERBOME UIT GEREGISTREERDE KWEKERYE (1997 – 2021)**




**GRAFIEK 5 – PEERBOME UIT GEREGISTREERDE KWEKERYE (1997 – 2021)**

OABS

Optimal Agricultural Business Systems

# How will the conflict between Russia and Ukraine impact on the South African agricultural sector?

## Setting the scene – SA agricultural sector performance

HAMMAN OOSTHUIZEN



BFAB[1] reported that Agriculture, forestry & fisheries was South Africa's fastest growing sector in 2020 and 2021. It was one of only four sectors that realised any growth over this period. In 2021, strong fourth quarter growth of 12.2% contributed to seasonally adjusted, annual agriculture GDP growing by 8.3%, almost double the growth for the national economy. South Africa's seasonally adjusted GDP grew by 4.9% in 2021. Agriculture, which expanded by 8.3%, was the second fastest growing sector behind mining (11.8%). What makes this growth in agriculture more impressive is that it follows a 13.4% expansion in 2020, making agriculture the strongest performing sector since the start of COVID-19. The sector has been remarkably resilient during a challenging period, contributing hugely to growth and food security. If international prices remain at current levels for most of 2022, and inputs remain readily available, albeit at a higher cost, South Africa's real agricultural GDP could expand for a third consecutive year.

The horticultural sub-sector has been the star of the agricultural sector in the fourth quarter of 2021 with an 11% growth in GPV. Despite logistical challenges, high production levels as well as strong global demand have resulted in high export volumes and value. South African pome fruit export estimates for 2022 are up 6% compared to 2021. The increase in export estimate is driven, amongst other things, by the young orchards coming into production[2].

**On this positive note, the question arises: how the Russia and Ukraine conflict will impact the South African agricultural sector.**

**Russia and Ukraine conflict**

According to the Economist Intelligence Unit[3], the conflict between Russia and Ukraine will affect the global economy via three main channels: financial sanctions, commodities prices, and supply-chain

[1] BFAB – Bureau for Food and Agricultural Policy
[2] Freshplaza.com
[3] Simon Baptist, Global chief economist, Economist Intelligence Unit

disruptions. As a result of **sanctions** imposed, global companies will struggle to find financial channels through which to conduct trade with Russia. Coupled with disruptions to transport routes between Russia and the rest of the world, these sanctions will make trading with Russia extremely difficult. Expectation is that the most serious effect of the Russia-Ukraine conflict for the world economy will come in the form of **higher commodities prices**. It is expected that prices for oil and gas, as well as for base metals and grains, will continue to rise. Oil prices will remain above US$100/b as long as conflict rages in Ukraine.

Higher commodities prices will fuel global inflation. It is foreseen that the conflict will be felt mostly in Ukraine and Russia, followed by Eastern European countries that are most exposed to trade with Russia. The rest of the EU will suffer from an energy, **supply-chain** and trade shock. It is expected that global growth will be negatively impacted.

**Potential impact of Russia and Ukraine conflict on the Agricultural Sector of South Africa**

Agri SA's[1] research and analysis has revealed that the Russia-Ukraine crisis can have a serious impact on South Africa's food security and poses very real risks to parts of the agricultural sector.




South Africa's trade with the Ukraine has increased substantially over the last decade. Between 2016 and 2020, South Africa's agricultural exports to Ukraine more than doubled from R76,5 million in 2016 to R155 million in 2020. Agricultural imports have remained relatively stable, sitting at R390 million in 2020.

Ukraine and Russia are both major producers of wheat on the global market, accounting for a quarter of global wheat exports, and the disruption to the supply of this staple food will cause food price shocks globally, particularly in South Africa given that we import 30% of our total wheat from these nations.
Moreover, Russia is the leading supplier of fertiliser globally. Recent data shows that global fertiliser prices had already risen substantially between January 2021 and January 2022. Local fertiliser prices doubled while global prices quadrupled. Farmers were therefore already under pressure prior to the current crisis. Russia's invasion of Ukraine has only worsened this pressure.

Brent crude oil prices have also almost tripled between February and March 2022. With the recent and still expected fuel price increases, the cost of taking food to South African consumers will rise substantially in the coming months unless government acts to contain them.

Agricultural commodities make up more than half of all South African exports to Ukraine, the biggest of these being fruits and nuts. Parts of the sector are therefore likely to see a significant impact on their performance in the first quarter of 2022. Citrus in particular forms the majority of exports to Ukraine valued at an estimated R133,7 million in 2020.

Blockages of exports to Russia will also knock South Africa's significant trade in agricultural commodities with that country. South Africa's agricultural exports to Russia are more than double agricultural imports. Agricultural imports remained stable around R2 billion from 2016 to 2020 while exports grew from R2,1 billion in 2016 to R4 billion in 2020.



Rotterdam Harbour

**Agriculture MEC Ivan Meyer[4] recently indicated that the horticultural products, oranges, pears, apples, mandarins, lemons, fresh grapes and wine containers holding 2 litres or less collectively contributed a share of R3.4 billion of total exports of R4.1 billion to Russia and Ukraine. About 88% of this value is attributable to the Western Cape, a dominant player in the horticultural sector. Industry role-players highlighted that the most significant challenges currently facing the sector are logistics, financial losses and the diversion of fruit to other markets.**

**Major shipping lines are not accepting any bookings or commodities. Ports in Rotterdam, Antwerp, Bremerhaven are extremely congested due to the time-consuming scanning of containers for explosives. The implications are that a 23-day journey of fruit from Cape Town to St Petersburg can be accompanied by various diversions and take up to 93 days to reach its destination, resulting in the fruit being completely non-edible.**

The Russia-Ukraine conflict will therefore have substantial consequences for South Africa's agricultural sector performance, and government must take action to mitigate the devastating impact of this lost revenue on the nation's farmers by assisting with measures such as opening up market access so that products destined for Ukraine can be redirected.

In short, it is foreseen that we will see higher fuel prices, higher production input prices, higher food prices, higher inflation figures, and higher interest rates.

**References**

AgriSA, Media statement, 14 March 2022
BFAP report (2021): Perspectives on agriculture's performance in Q4 of 2021
Freshplaza.com, South African pome fruit export estimates up 6% compared to 2021
https://www.iol.co.za/capetimes/news/russia-ukraine-war-impacts-on-sas-agricultural-sector-western-cape-moves-to-minimise-threat-f257caa9-3fc6-42b9-8400-056d671df9e2
Simon Baptist, Global chief economist, Economist Intelligence Unit, March 4th 2022

[4] Agriculture MEC met with Industry role-players over concerns about the impact of the Russian invasion of Ukraine on the Western Cape's agricultural trade.

# ONS LEER 'N BIETJIE MEER OOR:

# MULLER DE JAGER

JACQUES JORDAAN




Muller de Jager is 'n naam wat jy gereeld in die inmaakbedryf hoor. Ek wil graag bietjie meer oor hom uitvind en sommer iets in die Krat ook sit. Ek vermoed egter hy gaan nie noodwendig van die "limelight" hou nie.

Ek "corner" hom hier in die Paarl voor hy die pad Ceres toe inslaan. Hy is nie baie ingenome met die idee nie maar ek wil weet..... Wie is Muller de Jager?

Muller het op die plaas Rheboksfontein net buite Mosselbaai grootgeraak waar sy pa en oom op buurplase met melkbeeste geboer het. Die plase het daardie tyd nog tot by die see geloop en die strandplekkie, Reebok, verwys eintlik na hulle plaas. Dit is ook waar Muller se liefde vir landbou gekoester is. Muller is die jongste van 5 kinders en hy onthou nog hoe hulle melktyd beeste moes bymekaar maak en melk voor masjiene gebruik is. Hy matrikuleer in 1976 aan die Hoërskool Punt op Mosselbaai waarna hy weermag toe is.

Muller begin sy werksloopbaan op Viljoenskroon by Sentraalwes Koöperasie (deesdae Senwes) se handelstak (1979-1988). Dit is ook hier waar hy sy Vrystaatse meisie, Theresa ontmoet. Na hul troue roep sy geboortedorp en aanvaar hy 'n werk as verteenwoordiger by die destydse Agricura (deesdae deel van Corteva) op Mosselbaai. In 1991 begin Muller sy loopbaan by Tiger. Hy werk by die inmaakfabriek op Mosselbaai en hy is verantwoordelik om die lugbespuitings te reël en die verkryging van groente vir inmaak. Hy onthou dat veral suikermielies groot was daardie tyd. Sy gebied het van Mosselbaai tot in die Koue Bokkeveld gestrek en dit is hier waar hy baie produsente leer ken het en tot vandag toe goeie verhoudinge mee het. Hulle moes wyd ry en elke twee weke op die plase uitkom. Muller is entoesiasties as hy daaroor praat en 'n mens kan hoor dit was goeie tye.

In 1996 skuif Muller en sy gesin Paarl toe waar hy vandag nog bly. Ek vra hom bietjie oor sy gesin en waarmee hy hom in die vakansies besig hou. Hulle het twee seuns (Zayne en Roget) wat albei in Boys High gematrikuleer het. Zayne is by IT betrokke en bly in die Paarl. Roget en sy vrou bly in Nieu-Seeland. Muller is die trotse oupa van 'n klein Nieu-Seelandertjie, hoewel hy vinnig my daarop wys dat sy nog 'n Suid-Afrikaanse paspoort het. Volgens Muller is sy vrou een wat daarvan hou om oorsee te toer en bietjie "backpacking" te doen. Hy is nie te lief daarvoor nie en verkies liewer om deur Botwsana en Namibie te toer. Hy was al redelik baie keer deur die Moremi maar daardie tyd is ook nou verby. Hy hou daarvan om na die seisoen in die Kalahari te gaan jag en 'n lekker "brake" te vat. Dit is duidelik dat Muller 'n Mutsibushi man is. Hy trek nou by sy 3de Triton. Ek bly maar stil en lap nie uit dat ek ook al deur twee Pajero's is nie.





Terug na die werk. In die beginjare het hy al die tamaties vir die Paarl fabriek gekoördineer en Muller vertel my wat die verskil is tussen "ketchup" en tamatiesous en van "cold break" en "hot break".

Deesdae is hy verantwoordelik vir die Ceres, Breërivier en Wolseley areas asook Paarl en omliggende areas vir koejawels vir die L&AF fabriek waar hy die aankope van inmaakvrugte koördineer en moet sorg dat innames, versendings en die logistiek vanaf die depots glad verloop.

Die inmaakseisoen is nou amper afgehandel en dan begin hy met die appels.

Uit ons gesprek raak dit duidelik dat Muller 'n man is daarvoor lief is om op die plase te kom, tegniese insette te lewer en saam met die boer by 'n wen-wen situasie uit te kom. Jy kan hoor sy dinge moet reg wees. Ek vra hom oor die toekoms van die inmaakbedryf. Hierdie bedrywe is geneig om baie siklies te wees en vir Muller is goeie kommunikasie tot op plaasvlak belangrik. Al is dit nie altyd goeie nuus nie moet almal op dieselfde bladsy wees. Innovasie is 'n ding wat die inmaakbedryf sal moet aanspreek om relevant in die markplek te bly. As ons wil groei sal ons 'n produk op 'n innoverende manier aan die verbruiker moet aanbied.

Sy vrou maak die jaar klaar by Corteva in die Paarl en volgens Muller is dit ook nie te baie jare voor hy die tuig neerlê nie. Dan wil hulle terug Reebok toe........ Hierdie man se spore lê wyd in die bedryf en sy toegewydheid skop jy nie agter elke bos uit nie. Hopelik kan ons hierdie "ou manne" van die bedryf nog 'n bietjie naby hou om deur die diep waters te kom.



# FRUITFLY AFRICA

## GHIAN DU TOIT



Ek het baie respek vir 'n landbouer. Jy moet werklik hare op jou tande hê en hope deursettingsvermoë om 'n sukses van 'n landboubesigheid te maak. Daar is soveel risiko's en uitdagings wat jy te bowe moet kom om suksesvol en volhoubaar te kan boer. So, indien jy 'n boer is – **groot respek**!

FruitFly Africa (FFA) as diens-organisasie vir die vrugtebedryf, het die voorreg om 'n bydra te maak om die risiko wat landbou-peste bring, tot 'n mate aan te spreek namens die produsent.

Ons geintegreerde pes-bestuursaksies kan help om die risiko's te verlaag sodat optimale oeste verkry kan word. Ek gee graag terugvoer oor FFA se pesbestrydings werksaamhede:

**Produksie van steriele manlike Meditereense vrugtevlieë (*Ceratitis capitata*)**

Ons produksie fasiliteit in Stellenbosch lewer **± 65 miljoen** steriele vlieë per week gedurende ons somer program (Oktober tot Mei). In die winter (Junie tot September), wanneer die insekpopulasies laer is, word **± 30 miljoen** steriele vlieë per week gelewer. Steriele vlieë word dan **per helikopter** vrygelaat op **± 41'500 ha** in die volgende gebiede: Elgin, Grabouw, Ceres, Wolseley, Tulbagh en Heksrivier vallei.

Steriele vlieë word ook **per hand** in boorde vrygelaat in **± 5000ha** in Vyeboom (en 1ste Hoop), Hemel & Aarde en langs die Oranjerivier (Blouputs, Kakamas en Naries).

Hierdie steriele vlieë help aansienlik om die wilde vrugtevlieg populasies te onderdruk, met die gevolg dat die vrugskade en verliese beperk word.



Op regs is 'n voorbeeld van 'n stapel skinkborde wat in ons produksie fasiliteit gevind kan word. Op elke skinkbord word 'n baie spesifieke voermengsel voorberei waarop vrugtevlieg eiers gegooi word om sodoende larwes, en later steriele vrugtevlieë te kan lewer.

**Monitering**

FFA het 'n uitgebreide moniterings netwerk wat oor 3 provinsies strek.

Al ons insek lokvalle word weekliks nagegaan en die vangstes word aan produsente gekommunikeer. Dit stel hulle dan in staat om hulle "vinger op die pols" te hou oor die pes populasie-druk in hulle boorde/blokke sodat hulle vinnig kan aandag gee wanneer hoë insek getalle opgemerk word.

Ons moniteer vir die volgende landbou peste:

- **Meditereense vrugtevlieg** (*Ceratitis capitata*)
- **Oosterse vrugtevlieg** (Oriental Fruit Fly – *Bactrocera dorsalis*)
- **Kaapse vrugtevlieg** (*Ceratitis quilicii* - ook soms bekend as Natalse vrugtevlieg)
- **Vals Kodling Mot** (*Thaumatotibia leucotreta*)
- **Wingerd witluis** (*Planococcus ficus*)

En hier is 'n uiteensetting van die produksie areas wat gedek word:

| Produksie area | Moniterings hektare gedek | Aantal lokvalle |
|---|---|---|
| Elgin/Grabouw (ingesl. Hemel & Aarde) | 14 882 | 1 421 |
| Vyeboom | | |
| Villiersdorp | | |
| Oranjerivier | 19 661 | 2 115 |
| Hexrivier vallei (ingesl. De Wet, Brandwacht, Nuy) | 5 783 | 1 807 |
| Warm Bokkeveld | 6 970 | 819 |
| Wolseley | | |
| Tulbagh | | |
| Langkloof | 6 200 | 473 |
| Olifantsrivier | 1 573 | 657 |
| **Totaal** | **55 069** | **7 292** |

**Lugspatte**

'n Uiters effektiewe manier om vrugtevlieë se getalle onder bedwang te bring kan verkry word deur **area-wye** lugspatte van vrugtevlieg insekdoders. FFA ko-ordineer jaarliks sulke lugspatte deur lugkontrakteurs aan te stel om met vastevlerk vliegtuie en helikopters, die omgewingsvriendelike Corteva insekdoder (GF-120), op 'n 2-weeklikse grondslag toe te dien. Spatte vind plaas tussen November en April, afhangend van elke produksie-area se vrugsoort, klimaatstoestande en vrugtevlieg populasie tendense. Produsente word dan aangeraai om in die week wat nie gespat word nie, grondspatte te doen om sodoende die onderdrukking te versterk.




**Die weer was ons goedgesind op 14 Maart 2022 en ons kon 439 ha in Kaaimansgat in 'n oggend klaarspat. Die lugoperateur was Rotorworx en hulle het van 'n R44 helikopter gebruik gemaak.**

FruitFlyAfrica het 'n dinamiese span mense wat regtig passievol en toegewyd is, en ons het slegs een doel voor oë: om die vrugtebedryf by te staan in die stryd teen landbou-peste. Mag dit 'n goeie oesjaar vir julle elkeen wees, en dankie vir julle lojaliteit in ons program.

SAFJA
SOUTH AFRICAN FRUIT JUICE ASSOCIATION




# Fruit Juice Matters

RUDI RICHARDS



## ASSIGNEES

DALRRD continues to press with their intention of appointing private companies as Assignees for inspection of agricultural products and that the costs thereof are to be borne by industry. In this regard the Notice and Fees of both the Assignee Leaf for the Grain industry (via Internal appeal process) and the Assignee Nejahmogul for the Dairy industry (via court order) were set aside and consultations were restarted afresh.

Regarding processed agricultural products such as canned fruit and fruit juices, the Notice and Fees of the Assignee Impumelelo were also set aside, and the Court ordered that they start consultations afresh. These consultations have now commenced with SAFVCA and SAFJA.

Our position remains that regulations are essential and that manufacturers must comply with these regulations. However, the scope, methodology and costs of these additional inspections should be fit for purpose and affordable so as not to add unwarranted costs to the value chain and our consumers.

## US ANTI-DUMPING INVESTIGATIONS

A USA company (Ventura Coastal) filed a petition for the introduction of anti-dumping duties on lemon concentrate imports from SA and Brazil. The US International Trade Commission ruled in their favor and the US Department of Commerce has initiated dumping investigations.

The same company also previously filed similar petitions against Argentina and Mexico to protect their market.

This could have significant negative implications in terms of legal costs, potential import duties and other possible future industry consequences for lemon processors and their primary producers. The industry will do all in its power to protect its current profitable exports to the USA.

## RUSSIA

The Russian military invasion of Ukraine which has been condemned by the United Nations has sparked worldwide retaliatory reaction. South African exports of both fresh and processed fruits to especially Russia are currently very problematic.

This is not only in respect of shipping and other logistical issues, but also financial issues such as payment and insurance. It is unlikely that any resolution will be achieved quickly and the resumption of free trade with Russia is a challenge beyond our control.




## SUGAR TAX

An increase to R2.31 cents per gram (prior – 2.21c) from 1st April was announced in the Budget Speech. The Consumer Goods Council of South Africa have since issued a press statement criticizing the decision which was made without prior consultation, and which would lead to unintended consequences such as job losses and further contribute to many sustainable farmers losing their livelihoods. They were also critical that the funds were not ring fenced for health promotion and that the increase also undermined the Sugar Masterplan negotiated with the industry.

Even more concerning are reports that Treasury intends to re-activate consultations for the reduction of the 4g threshold as well the inclusion of 100% juices. These contain no added sugar, and such an approach does not tackle the real need to achieve balanced diets and the limiting of added sugar in a vast variety of food categories for most of the population. This is also not in line with other countries which neither apply nor promote sugar taxes on 100% natural fruit juices which contain no added sugar. Such a sugar tax could have negative short- and long-term implications for processors and their primary producers in the fruit industry.

# THE ONLY GOOD NATION IS IMAGINATION

**DEIDRE EIGELAAR**

In a time of unprecedented challange and evolutionary transition we must heal the wounds of the past, engage fully in the transformation of present conditions, and create an future of unparalleled dignity and beauty for all beings and for all life on Earth."
James O'Dea



Die omgewing het binne een week, in dramatiese wendings, verder stabiliteit verloor. Oorlogswolke is op die horison en die toekoms is uiters onseker. Die impak van Coivd-19 is nog in die proses van verrekening en die aksies van Putin en sy sterk manne veroorsaak 'n verdere sinkgat vir hulpbronne en voorsieningkettings, beide wat reeds onder enorme druk is.

Ons is vasgevang in die Antroposeen era, waar die impak van die mens \`n blywende vernietigende voetspoor veroorsaak.

Die emansipasie van mannekrag deur masjiene met die "Jij ben de baas zeg God" ingesteldheid, het die selfvernietiging van die mens, eksponensieël laat eskaleer.

Hulpbronne soos water, olie, grond, steenkool en grondstowwe was voor die pandemie al onder enorme druk. Die natuur is verniel en helaas is die mens te suksesvol. Die wortel van kapitalisme en die stok van kommunisme was beide verwoestend op die planeet en vir die individu. Oneindige groei ten koste van die planeet en mens is in \`n dood spiraal. Die "survival of the shameless", het die monster staat en die monster maatskappy gebaar. Die rykste-, luidste- en ek/ons is die grootste mentaliteit, met die "the winner takes it all", het \`n stink ryk elite en 'n kreperende massa se "great divergence" grotesk vererger. Politici verruil toenemend kompleksiteit vir simplisme en die burgery sluk die kuttels. Solastalgia, die diep verdriet en magteloosheid oor die wêreld wat ons as mens onomkeerbaar verniel en plunder, raak deel van die menslike toestand. Die wêreld waarin ons leef is al vir 'n dekade of wat \`n VUCA wêreld – Volatile, Uncertain, Complex and Ambiguous. Die angswekkende oorloggeweld trek die aandag af van die klimaat, die impak van klimaatsverandering op voedselsisteme en hulpbronne, asook die feit dat die mens nie vinnig genoeg kan aanpas nie. Die mens se ingesteldheid behoort van egosentries te verskuif na ekosentries. Die nuwe bedeling waarna die mens behoort te migreer word dikwels as utopies en onrealisties gesien, maar die ekonomiese en die politieke sisteme is op \`n kantelpunt en digby ineenstorting. Iedere individu en onderneming behoort met \`n oop gemoed nuwe sosiaal-ekonomiese benaderings te ondersoek, die politiek en oorlogswolke ten spyt.

Maar hoe posisioneer individue en ondernemings, hulself in VUCA tye soos hierdie waar alles kan intuimel?


**Behou perspektief oor die geskiedenis**:
Die mens se voetspoor op die planeet is onlangs. Indien die afgelope 4 biljoen jaar in maande vanaf Januarie tot Desember geplaas word, het die mens as landbouer eers een sekonde voor 24h00 sy verskyning gemaak. Ons elkeen se oermoeder is so om en by 10 000 vroue terug, die Verligting 1000 vroue terug, die Romeinse Tydperk 100 vroue terug, die Industriële Rewolusie so 3-4 vroue terug en die Rekenaar Rewolusie so 1-2 vroue terug. Die mens het \`n klein brein, so om en by 1 GIG en nie so effektief soos ons graag wil glo nie. Ons spesie het amper niks verander vanaf ons kastele en katedrale tye nie, maar die wêreld is asemknakkend anders. Al wat seker is, is die sekerheid van verandering. Die mens verander besonder stadig, die wêreld en die omgewing angswekkend vinniger. Die volgende vyf jaar hou meer verandering in as die afgelope 100 jaar. Vind troos daarin dat die menslike toestand niks nuuts onder die son is nie en vir eeue is die siklusse werklikhede. Berei voor vir nog 'n dekade van waarskynlike onstabiliteit.


**Rig persoonlike perspektiewe vir aanpassing**:
Die somtotaal van elke individu is `n storie. Saam maak families, gemeenskappe, kulture en lande verhale. Die verhale skep die plattegrond vir die mens se psige om te oorleef, om te verstaan wat reg en verkeerd is en hoe daar geleef kan word. Verhale oor onsself is die enigste manier om die wêreld te benader. Ons verhale van interpretasie is bepalend tot ons denke en hoe ons optree. Maar ons vergeet soms dat verhale fiktiewe konstrukte is van ‘n waarheid en waarhede en is nie altyd rasioneel of noodwendig waar nie.


Perspektief word bepaal deur posisionering en is bepalend tot dit wat jy sien en glo. Word die verhaal van `n individu bekyk van oog vlak, of vanaf `n bergtop, of vanuit `n Boeing, of vanaf die maan – die ligging bepaal die omvang van jou waarheid. Bertrand Russel, die wiskundige-filosoof, het heelwat waarhede aangaande perspektiewe verwoord: “None of our believes are quite true. All have at least a penumbra of vagueness and error”; en “never let yourself be diverted what you wish to believe.” Kyk dus krities na dit wat jy glo en weet dat die waarheid vervleg is tussen verskillende perspektiewe. Moet jouself, jou stories en jou trop se stories te ernstig opneem nie – behou liefde en leef met ironie.

Leer iets van die Sokratiese gesprek en ontwikkel `n ingesteldheid om die ander se perspektief te verstaan. Soos Elke Wiss dit verwoord in haar boek Socrates op Sneakers: “Twee mensen kom elkaar tegen. De een heeft een mening. De ander heeft een andere mening. Dat lukt meestal niet, soms wel. Wanneer ze weer weglopen, heeft ieder nog steeds een mening. Eentje, deselfde, of de andere. Twee mensen kom elkaar tegen. Ze hebben allebei een idee. Ze bespreken hun ideën. Houden ze tegen het licht, bekijken de ideeën van meerdere kanten. Leggen de ideeën naast elkaar, wegen af, argumenteren wat. Wanneer ze weer weglopen, hebben ze allebei meer ideeën dan waarmee ze begonnen.” Luister en lees die nuus met `n ingesteldheid om idees te vermeerder.

**Verstaan die hiërargie van kennis om kuttels te herken en die waarheid te onderskei**:




**Kry die begrip van ‘toekoms’ onder die knie:**
*Die toekoms is al wat ons het* – “the only space in time that we can influence” en word bepaal deur ons bestaande kennis. Die toekoms is nie voorspelbaar nie en kan nie vooraf bepaal word nie. Dit is `n fenomeen wat voorkom in langtermyn siklusse. Weet verseker dat `n vrees vir verandering, word `n vrees vir die toekoms. Versiendheid maak die toekoms `n plek vir geleenthede. `n Voorkeur toekoms kan geskep word met kennis oor die faktore wat die toekoms kan beïnvloed. Versiendheid word aangeleer deur jou insigte oop te forseer, gesprek uit jou gemaksone te voer, jy moet dink oor wat jy dink en wees gewillig om jou vermoë tot ongeloof in jouself, jou land en jou landgenote te stop -glo weer in “humankindness”.
Ontwikkel versiendheid deur moeite te maak met wat jy weet en wees geanker in logika, feite en ge-eikte waarhede. Verbeel jou hoe `n nuwe toekoms kan lyk. Wees krities oor jou eie verhaal en die verhale waarin jy glo. Gaan oor tot aksie om die nuwe toekoms te skep. Fokus op bewustelike verandering voordat geforseerde verandering `n onaangename noodsaak word.

*Dink duursaam* – wees bewus van elke individu en onderneming se voetspoor op hierdie Planeet, en leef lig. Wees bewus van $CO_2$ vlakke en verminder jou impak deur wat jy koop, weggooi en mors. Dink 7 generasies ver en dink verby jouself en jou kleinkinders se belange.
*Dink gelykheid* – bou opbouende verhoudings met die 'ander'. Kyk hoe jy omgee en liefde kan uitbou en aangee om lig te maak waar nodig. Weet dat die "poor is not good stewards because of their poverty."



*Dink goeie lewe* – die welsyn van my landgenote word my welsyn. Stel ondersoek in om gelukkiger, gesonder en meer geskoolde gemeenskappe te bevorder. Anton Chekov het gesê: "Man will be better when you show him what he is like."

Ons moet mense wys hoe om hul beter self te wees – landbouers kan dit doen en die land kort institusies, ondernemings en mense wat kan lig maak.

So what? – Die toekoms is al plek in tyd wat ons kan beïnvloed. Doen wat jy kan, waar jy is met wat jy het. "Not being able to govern events, I govern myself", het Michel de Montaigne, al in die mid-1500's gesê. Neem beheer oor jou sfeer van invloed. Oefen invloed uit waar jy kan. Oefen invloed uit in groepe waar moontlik. Dink oor jou denke en verstaan die hierargie van kennis. Moenie te veel nuus kyk nie, want `n oormaat nuus is skadelik vir jou brein en gesonde gemoedstoestand. Dink duursaam, dink gelykheid, dink goeie lewe. Moenie irrelevant raak nie. Skep nuwe verhale en wees krities oor jou eie verhale. Skep met versiendheid 'n nuwe toekoms. Weet dat die "only good nation is imagination". Gebruik verbeelding om `n nuwe toekoms te verbeel deur te verander, die goeie te behou en skep nuut om 'n voorkeur toekoms te ontwerp.




**NUUSBRIEF uitgegee deur die**
**INMAAKVRUGTE PRODUSENTE VERENIGING**
Hoofstraat 258
Posbus 414, PAARL 7620
TELEFOON: 021-8721401
FAKSIMILEE: 021-8722675
E-pos: inmaak@cfpa.co.za

**NEWSLETTER issued by the**
**CANNING FRUIT PRODUCERS' ASSOCIATION**
258 Main Street
P O Box 414, PAARL 7620
TELEPHONE: 021-8721401
FAX: 021-8722675
Web page: www.canningfruit.co.za

**REDAKTEUR / EDITOR: JACQUES JORDAAN**
Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge DIE KRAT and author.